## Lesing 6 - 3 November 2022 - Openbaringe aan die eindtyd vir Dogter van Sion

Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 11 - Abba Vader aan Leopold Engel gedikteer deur die Innerlike Woord

**Hoofstuk 36 [13]** Toe Ons by die graf kom, sê Ek aan enkele knegte van Laserus, wat besig was om die omgewing van die graf in orde te kry en nou nuuskierig toekyk wat daar sou gebeur: **"Tel op die klip van die graf!"**

### Die plan van die fariseërs

**Hoofstuk 38** Enkele van die Judeërs wat tot die vriende van Laserus behoort en hulle die meeste oor die onbeskaamde optrede van die fariseërs vererg het, het nou na die herberg op die Olyfberg gegaan, waar hulle geweet het dat die fariseërs nog was, omdat hulle **hulle geheime leedvermaak nie wou ontsê om self die hongerige wolwe die vet hap uit hulle kake te trek nie.** Mens kan jou maklik indink met watter skrik en ongeloof die berig deur hulle ontvang was, terwyl hulle juis geswelg het in die gevoel dat hulle reeds eienaars van die herberg is en hulle baie heerssugtig gedra het teenoor die herbergier, wat vanweë die vooruitsig baie bedroef was. Hulle het hulleself ook dadelik die beste wyn laat gee en heeltemal volgens hulle gewoonte in, ook die geregsdienare van die tempelwag ryklik laat onthaal. **Die hele geselskap was reeds in `n aangeklamde, opgewekte stemming**, toe die Judeërs binnekom en met hulle berig die al aardig benewelde hoofde sterk ontnugter.

[2] Toe hulle nou hoor dat Ek daar was, dag hulle, nadat hulle hulleself vir oorlegpleging teruggetrek het, dat daar in Betánië waarskynlik `n geweldige Esseense bedrog deur My uitgevoer was en dat daar iemand, wat sterk soos Laserus gelyk het, in sy plek gesit was, om die tempel sy aandeel te onttrek. Ek was immers steeds `n gesamentlike minnaar van die twee susters gewees en sou natuurlik alles in werking stel om My geliefdes diensbaar te wees.

[3] **In `n egte opwekking glo hulle in geen geval nie.** En so was dit hulle eerste sorg hoe hulle My, die valse Laserus en die twee susters in hulle mag kon kry. Hulle het ook `n baie slim plan uitgedink, naamlik dat twee van hulle My en die valse Laserus na buite moes roep; hulle sou in die geheel geen twyfel mag toon nie, maar hulle vreugde laat blyk vanweë die opwekking, en daarby moes hulle probeer om Ons twee langs die huis te lok. Dan sou die tempelwagte te voorskyn kom en Ons onmiddellik in versekerde bewaring stel.

[4] Die plan was in soverre goed, dat die fariseërs wat uitgekies was om My en Laserus te begroet, in hoë aansien gestaan het en wat in stryd met elke fatsoen en gebruik sou gewees het om hierdie hoëpriesters nie tegemoet te kom nie, as hulle `n huis met hulle aanwesigheid dag te eer. As Ons egte Judeërs van die tyd gewees het, moes Ons onmiddellik die hele huis en personeel ter beskikking van hierdie hoë gaste gestel het, anders sou dit vir Laserus as diepste minagting van die tempel en sy verteenwoordigers aangereken gewees het.

[5] Die Judeërs het onmiddellik weer weggegaan, saam met die herbergier wat buite homself van vreugde was toe die vir die fariseërs so onaangename berig oorgebring was. Hulle kom vinnig weer terug om te meld wat hulle gedoen het - daar vas op vertrouend dat Hy, wat die dood gebied, vas en seker ook die boosaardigheid van die tempel sal kan vernietig.

[6] Ek wys hulle egter met sagte woorde tereg vir wat hulle gedoen het, wat wel menslik genoem kan word, maar tog nie volgens My orde was nie, **omdat leedvermaak selfs teenoor sulke hardvogtige booswigte nie op sy plek was nie** en hulle harte daardeur ontoeganklik word vir medelye met die duisternis van die mense. Hulle was baie bedruk deur hierdie berisping en kalmeer eers, toe Ek hulle verseker dat daar in die geval deur hulle handeling weliswaar niemand geskaad was nie, maar dat hulle dergelike dinge in die toekoms agterweë moes laat. Dit beloof hulle ook en was daarna weer welgemoed.

[7] Die fariseërs het intussen met die geregsdienare van die tempel genader, en was nog ver genoeg van die huis verwyder om nog ongesiens `n verborge plek as hinderlaag te soek. Nogmaals beraadslaag hulle oor hulle plan, en wat hulle vernaamlik moes doen om My in hulle mag te kry, om My onmiddellik as bedrieër en volksopruier te kon aankla.

[8] Hulle bevind hulle op `n afstand van ongeveer tien minute van Betánië, by `n kromming in die weg, wat die huise nog vir hulle verberg. Die twee hoëpriesters wil nou op weg gaan met `n dienaar, **wat hulle koms in die huis moes meld** - toe daar `n aaklige streep deur hulle rekening getrek word.

[9] Met woedende geblaf storm **die bekende groot waghonde** te voorskyn en omring die hele groep op so `n angswekkende manier, dat geeneen van hulle, hulle durf verroer nie. **Hierdie honde, wat deur My aan Laserus gegee was,** het hulle sedert sy dood volkome apaties gedra en was nie meer te beweeg gewees om hulle funksie van beskermers en bewakers uit te oefen nie, om welke rede die tempeldienare hulle ook volkome ongehinderd kon laat geld het. Maar noudat Laserus leef, het ook die ou krag en wakkerheid in hulle teruggekeer, wat hulle vir die fariseërs op hoogs onplesierige wyse merkbaar maak. Die reusagtige diere loop tandewysend rondom die groepie, en toe een van die knegte dit waag om na een van die diere te slaan, lê hy onmiddellik op die grond en loop gevaar om verskeur te word. Die een voorbeeld was voldoende om die geregsdienare daarvan te weerhou om van hulle wapens gebruik te maak, veral omdat die diere genoeë daarmee neem om die hele geselskap

aan te hou, sonder om hulle aan te val, maar ook sonder om hulle van hulle plek te laat kom.

### Die fariseërs word weggejaag

**Hoofstuk 39** Ek deel Laserus en die aanwesiges mee wat daar buite gebeur het, en vra hulle om met My na buite te gaan om hulle van die waarheid te oortuig, en om nog `n poging te maak om die fariseërs duidelik te maak dat hulle mag geen enkele geldigheid hier het nie. Dit doen Ons, en Ons gaan na die gevangenes.

[2] Daar aangekom, versoek Ek die geregsdienaars om vrywillig hulle wapens neer te lê, wat hulle ook onmiddellik doen. `n Kneg van Laserus neem hulle in ontvangs, en dadelik gaan ook die groot honde herwaarts en rustig lê; maar hulle hou hulle vyande steeds skerp in die oog en was bereid om hulle op `n wenk van hulle baas, op hulle te stort.

[3] Ek wend My nou tot die fariseërs, wat **tandeknersend van skaamte en woede** daar gestaan het, omdat hulle Laserus, wat hulle baie goed geken het, **dadelik as die egte herken het**, en nou in die geheim gedink het dat hy eintlik nie gesterf het nie, maar dat daar alleen `n baie handige, afgespreekte misleiding met sy siekte, dood en opstanding plaasgevind het, wat geskik was om My eweneens valse wonderkrag op ontsagwekkende wyse aan die volk te toon en dat, omdat dit `n so bekende persoonlikheid soos Laserus betref, My seker in heel Judea van baie aanhangers moes verseker.

[4] Nadat Ek hulle gedagtes eers haarskerp uiteengesit het, vra Ek die tempeldienare: "Hoe lank wil julle dat Ek julle nog verdra? Alle tekens wat Ek gedoen het en dit so onmiskenbaar voor My getuies, verag julle; en My woord lê julle uit as leuens. Weet julle nie dat daar `n grens is, waar die mens nie verby mag gaan, as hy nie geheel en al aan die geestelike dood ten prooi wil val nie, en dat, as die grens bereik is, God se barmhartigheid die liggame moet vernietig, sodat die siele deur die misbruik van die liggame nie geheel en al in die verderf gestort word nie?! Maar julle het almal digter by die grens gekom!

[5] Alles wat julle deur julle liggame bruikbaar kan maak vir die veredeling van julle siel, verdraai julle om haar te dood. Het julle daarvoor julle sintuie? Julle kyk nie om te sien; julle luister nie om te hoor; julle proe, voel, ruik nie om die sintuie as middelaars te gebruik nie, **maar net om julle oor te lewer aan julle sindelikheid**. Daarom het julle reeds `n stinkende aas geword wat verdelg moet word, sodat julle nie alles verpes en waarvan tenminste die as nog as bemesting vir die origens goeie, bruikbare bodem kan dien nie.

[6] Waarlik, Ek sê vir julle: "**Die byl is aan julle stam gelê om die gifboom van julle lewe om te kap!** Maar kla God nie daarvoor aan nie, maar enkel en alleen julle self! Julle sien nou watter grootse ding hier gebeur het, en vele **onbedrieglike getuies** staan hier om My heen wat borg staan vir die waarheid; maar tog gis in julle die haat en die wens om My en Myne te vernietig, wat julle egter nooit sal geluk nie! Verdwyn dus met julle woede - maar weet, dat julle self sal oes wat julle saai!"

[7] Na hierdie woorde staan die **sewe groot honde** op en jaag met geblaf agter die tempeldienare en geregsdienare aan, die hele weg na Jerusalem, wat hulle springend en struikelend in groot angs en met uiterste snelheid aflê, en hulle rus nie voordat die veilige stadsmure van Jerusalem hulle beskerm teen die diere nie, wat hulle tot daar agtervolg, alvorens hulle terugkeer.

[8] Vanaf die dag het Laserus, ondanks kwaadaardige aanslae van die Raad, sowel in Betánië as op die Olyfberg volkome rus; want vanweë die honde waag geen enkele vyandige priester of tempeldienaar hom meer daarheen nie.